

**26 Julie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 8:1–12 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Nehemia 8:10,11**

Opregte berou oor sonde bring ware fees vreugde vir God se verlossing

Met diepe berou het Israel besef dat dit vir hulle godsdienstebeleving nie net nodig was om die mure van Jerusalem te herbou nie, maar dat hulle ook geestelik gebou moes word. Daarom vra hulle weer na die Wetboek van Moses. Hulle toon opregte berou en eerbied as Esra die wetboek oopmaak. Die hele gemeente het opgestaan en **Amen! Amen!** geroep. **Daarna het hulle gekniel en diep voor die Here gebuig.** Hulle was ook begerig om uit die wetboek onderrig te word. Vanweë hul sondigheid, het hulle gehuil by die aanhoor van die wet.

Ons leer hier dat opregte berou en bekering voor die Here met daade getoon moet word. Dryf die Gees jou om die Here se Woord te hoor en jou daarin te verdiep? Hoekom sommer net van die eredienste af wegbly? Waar is die begeerte om die Woord te verstaan deur indringende Bybelstudie? Wanneer laas het jy diep voor die Here gebuig? Ontroer God se Woord jou so dat daar trane van diepe berou maar ook van dankbaarheid vir die verlossing in Christus oor jou wange loop?

Die troos is: Wie sy sondes in opregtheid besef, hoef nie treurig te bly nie. God se Woord bring lewe en blydschap. Jesus Christus het ons van sonde verlos en Sy kinders gemaak.

Wie sonder opregte berou is, het nie ewige fees vreugde nie. Wie egter die Here se eer soek ervaar deur die Heilige Gees blydschap en vreugde, selfs in teëspoed en beproewings.

Mag jy as verlose ware fees vreugde ervaar as jy Hom gehoorsaam dien!

*Sing: Psalm 42:1,2 Ds MAF Kruger (Springs)*